

Gehoorsaam die roepstem van die Gees

Die sewe briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië (Turkye) is God se boodskap aan alle kerke. Die sewe gemeentes lê in 'n sirkel. Dit saam met die getal sewe dui op volheid, geheel. Daarom praat die Here vandag ook met ons.

Filadefia beteken *geliefde broer*. Keiser Attalus 11 het hierdie dorpie in die berge gestig uit liefde vir sy broer. Min mense het hier gewoon as gevolg van talle aardbewings. Ook die kerk was klein. Daarom sê Christus: *Ek weet dat jy min krag het* (vs 8).

Ons hoor geen negatiewe woord of vermaning aan hierdie gemeente nie. Inteendeel ons lees: *Ek weet alles wat julle doen* (vs 8). Hierdie klein gemeente het vir Christus gekies en leef voluit vir Hom! Nie dat dit maklik is nie. Die Jode, met hulle sinagoge-instituut, maak dit baie moeilik. So 'n sinagoge was skool, kerk en gemeenskap in een. Hulle het hulleself gesien as enigste volk en ryk van God. Wie nie by hulle ingeskakel het nie, is tot vyand verklaar.

Christus noem hulle egter *sinagoge van Satan* (vs 9) omdat hulle Hom verwerp en minag. So is daar vandag steeds kerke en gemeenskappe wat verkondig dat hulle aan Jesus behoort, maar eintlik Satan dien.

Hoe help en bemoedig Christus nou hierdie klein kudde van Hom? Wonderlike werklikhede en aanmoediging word gegee. Ons moet vandag hieraan vashou. Hoor net: *Ek is die Heilige en Ware God*. Wie gewillig luister, word deur die Gees oortuig van Jesus se godheid en getrouheid. Verder sê Christus: *Ek het die sleutels van Dawid* (vgl. Jes 22:22). Dis nie Jode wat bepaal wie aan God behoort nie. Nee, hierdie mag behoort aan Christus alleen, die groot afstammeling van Dawid.

Verder: Wie volhard tot die einde, sal altyd by God wees, soos pilaar en tempel by mekaar hoort. Kom ons volg die roepstem van die Gees in ons! Kom ons volhard, al is die tye swaar en moeilik. Ons loon is heerlik!

Sing: Skrifberyming 15-7:4

Dr NP Heystek (Emeritus)